basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NSS 2019
'MEO' 2019
SS-KANDIDATE

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2020

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Mense tussen die ouderdom van 15 en 29 pleeg selfmoord as gevolg van die volgende bydraende faktore:

- Hulle gee hulleself oor aan die misbruik van alkohol en dwelmmiddels.
- Hulle voel tydens adolessensie asof hulle lewens verward, desperaat en verlore is.
- Hulle raak depressief en neig na selfmoord wanneer hulle nie gedurende skooleksamens goed vaar nie.
- Hulle word dikwels seksueel of fisies mishandel/misbruik.
- Hulle word dikwels aan geweld blootgestel.
- Hulle is nie in staat om mislukte verhoudings te hanteer nie en hulle kies selfmoord om aan emosionele pyn te ontsnap.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

1.1.2 **VOORBEELD 1: BOEDDHISME**

- Volgens Boeddhistiese doktrine kan 'n persoon nie aan lyding ontsnap deur jou eie lewe te neem nie.
- Jy ontsnap nie aan die 'wiel van lewe' deur selfmoord te pleeg nie.
- Die vernietiging van die fisiese liggaam dra eenvoudig die entiteit na ander sfere van bestaan oor, dit los nie die situasies op nie.
- Die fisiese lewe word as van groot belang beskou.
- Dit is slegs in die huidige lewe dat die weg na vryheid gevolg kan word, daar is geen bevryding na die dood nie.
- Probeer om Verligting/Ontwaking te bereik wat die bevryding van jou lewe uit alle lyding sal wees.
- Om jou eie lewe te neem, is slegs 'n vermorsing van 'n geleentheid.
- Onthou die dogma van nie-toewyding/-hegting sal jou pyn verminder.

VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP

- Volgens die Bybel is die lewe kosbaar.
- God het 'n plan vir almal (Jeremia 29:11), jy ingesluit.
- 'Jy mag nie doodmaak nie.' Dit beteken dat niemand die reg het om lewe te neem nie, nie eens jou eie nie.
- God is die gewer en verskaffer van lewe.
- Selfmoord word verstaan as 'n groot sonde waarvoor daar straf in die hiernamaals is.
- Jy moet weet dat niks wat jy doen, en niks wat aan jou gedoen word, jou kan skei van God se liefde en Sy plan nie. (Romeine 8).
- Jy moet weet dat niks wat jy ooit kan doen, so sleg is dat die enigste antwoord selfmoord is nie. Vertrou op God se genade.

LET WEL: Die leerder mag verskillende godsdienste in 1.1.2 en 1.2 gebruik. (12)

1.2 1.2.1 **LET WEL: Die kandidaat mag verskillende religieë bespreek in 1.1.2 en 1.2.**
VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP

- Christene glo in die bestaan van 'n Opperwese bekend as God.
- God manifesteer homself as drie persone in een God – God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Hierdie doktrine word die Heilige Drie-eenheid genoem.
- God die Vader is die Skepper van die heelal.
- God die Seun is die Heiland en Verlosser van die mensdom.
- God die Heilige Gees is die raadgewer van Christene. (10)

1.2.2
- Christene glo dat die mens as onsterflik geskape is
- Christene glo dat hulle steeds voort sal leef in 'n onsterflike staat in die hiernamaals.
- Diegene was 'n kuis lewe lei sal verewig in die hemel woon.
- Sondaars was vir ewig na die hel uitgewerp word.
- Bekering moet in hierdie wereld plaasvind, omdat daar geen bekering na die graf is nie.
- Daarom moet Christene strewe om volgens die Bybel te lewe, sodat hulle hemel to kan gaan.
- Op hierdie manier, deur geloof in Jesus Christus, hoop Christene om die hemel te beêrwe in die hiernamaals

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

1.2.1 **VOORBEELD 2: TAOÏSME**

- Taoïsme verkondig dat 'die Tao waarvan vertel kan word, nie die ewige Tao is nie'.
- Die Tao is ewig.
- Dit is onmoontlik om godheid in Taoïsme ten volle te beskryf.
- Daar is geen duidelike aard of God in Taoïsme nie.
- Tao beteken 'die pad van die heelal'.
- Tao is die majestueuse wyse waarop die heelal werk.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

1.2.2
- Die Taoïstiese standpunt van die dood is dat ons die lewe moet waardeer sodat ons die dood kan aanvaar.
- Wanneer ons besef dat die sikliese prosesse van die lewe dit so wonderlik maak, dan word dit makliker om die lewe te aanvaar.
- In hierdie godsdiens is die dood eenvoudig 'n proses van transformasie waarin jy van een vorm na die volgende oorgaan.
- Dit beteken dat jy van die begin van die heelal af deel daarvan was en sal voortgaan om beide geluk en hartseer te ervaar.
- In die Taoïstiese standpunt moet jy nie vir die dood bang wees nie, jy moet daarmee spot.
- In hierdie godsdiens het jy nie lewe na die dood in een of ander hemel of die tipe lewe na die dood wat in Hindoeïsme gevind word, nodig nie.
- Taoïsme gee min aandag aan die hiernamaals. Jy moet 'n goeie lewe lei as 'n doelwit op sigself.
- Jy word getransformeer en eindig iewers anders op.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

1.3 1.3.1
- Grammatika en historiese konteks beteken dat jy die grammatikareëls en historiese feite moet gebruik om heilige tekste te interpreteer.
- Die grammatikareëls impliseer dat jy na die presiese betekenisse van die woorde in hulle mees gewone sin/betekenis moet kyk. (2)

1.3.2
- Jy moet die skryfstuk as 'n geheel beskou.
- Wat was die skrywer se doel met die skryf van die teks?
- Sonder die behoorlike konteks sal jy nie weet wat die skrywer probeer verduidelik het nie. (2)

1.3.3
- Die betekenisse van woorde verander mettertyd en ook in verskillende plekke.
- Probeer om uit te vind wat die betekenis van woorde was toe hulle oorspronklik in die normatiewe bron gebruik is. (2)

[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1

LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte mag toegeken word indien slegs een vertakking bepreek word.

VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP

- **Rooms-Katolieke Kerk**
- Die Rooms-Katolieke Kerk beoefen 'n aantal rituele wat die sakramente genoem word (soos die Nagmaal).
- Hulle beoefen die laaste sakrament voor iemand sterf.
- Die laaste salf van die liggaam met heilige olie berei die siel vir die dood en die lewe hierna voor.
- Hulle beoefen ook die brand van wierook tydens hulle dienste.
- Hulle bely hulle sondes aan 'n priester.
- Hulle gebruik die bidsnoer in hulle gebede.
- Daar word van geestelike leiers verwag om selibaat (ongetroud) te bly.
- **Oosters-Ortodokse Kerk**
- Hulle beoefen die soen van beelde van heiliges, wat ook ikone genoem word.
- Die nagmaal word gekombineer deur 'n "Siklus van gebed"
- Hulle sing gebede teen sonopkoms en wanneer die son sak.
- Persoonlike gebed (wat die Jesus-gebed insluit) speel 'n belangrike rol in die Oos-Ortodokse Kerk.
- **Protestantisme**
- Hulle beoefen helingsdienste.
- Hulle het herlewingstogte.
- Hulle beskou barmhartigheid as 'n uiterlike teken van innerlike genade.

LET WEL: 4 van die 14 punte word aan die noem van die twee vertakkings toegeken.

Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (14)

2.1.2 **LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte mag toegeken word indien slegs EEN vertakking bespreek word**

Rooms-Katolieke Kerk

- Katolieke glo dat almal in sonde gebore word want Adam en Eva was aan God se gebod ongehoorsaam.
- Hulle glo dat die Heilige Gees van God die Vader en die Seun kom.
- Hulle glo dat hulle die oorspronklike Kerk van Christus is.

Oosters-Ortodokse Kerk

- Volgens die Oosters-Ortodokse Kerk, kom die Heilige Gees slegs van God die Vader nie van die Seun nie.
- Hulle glo hulle is die regverdig geleide kerk.
- Hulle glo dat niemand die mag het om Christelike oortuigings en tradisies te verander nie.
- Hulle beskou die Bybel as kerkregtelik/kanoniek.

Protestantisme

- In Protestantisme glo dat rituele minder belangrik as geloof is.

- Hulle glo dat geloof die sleutel na verlossing is.
- Hulle glo verlossing is 'n gawe wat vrylik deur die werk van Jesus Christus, wat vir sondaars gesterf het, gegee word.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

2.1.1 **LET WEL: 'n Maksimun van VIER punte mag toegeken word indien slegs EEN vertakking bespreek word.**

VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS

- **AmaZulu**
- Hulle brand wierook tydens kommunikasie met die voorvaders.
- Wanneer daar siekte of teëspoed is, raadpleeg hulle die geneser of waarsêer.
- UNomkhubulwana (godin) word genader deur 'n pelgrimstog na die berge gedurende natuurrampe of droogtes.
- Hulle voer 'n 'bring-terug'-seremonie uit waar die oorledene na 'n jaar as 'n voorvader bevestig word.
- **Aka**
- Hulle dans en sing tot eer van Dzengi.
- Wanneer hulle gaan jag, voer hulle 'n ritueel uit wat die slag van diere behels om met die dieregees te kommunikeer.
- Hulle raadpleeg ngangas (tradisionele genesers) wanneer moeilike besluite geneem word.
- Wanneer daar siekte of 'n krisis in die familie of gemeenskap is, word die ngangas geraadpleeg.
- **Yoruba**
- Godsdienspraktyke fokus op Ori Orun/Olorun.
- Geestelike/Spirituele kontak word via verskeie tussengangers gemaak, Orisas (mindere gode) ingesluit.
- Elke dorp het sy eie oris en 'n tempel wat daaraan gewy is.
- Ernstige meditasie en verering versterk jou bande met die geestelike ryk/doderyk.

LET WEL: 4 van die 14 punte word aan die noem van die twee vertakkings toegeken.

Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (14)

2.1.2 **LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte mag toegeken word indien slegs EEN vertakking bespreek word**

AmaZulu

- Hulle glo en erken die bestaan van 'n Opperwese wat uMvelinqangi genoem word.
- Hulle verkondig dat sy status so hoog is dat niemand hom direk kan nader nie.
- Kommunikasie met uMvelinqangi word deur die voorvaders gedoen.
- Die AmaZulu glo ook dat daar 'n vroulike godin, genoem uNomkhubulwane, is.

Aka

- Hulle glo aan 'n skepper-gees genoem Bembe.
- Hulle verkondig dat Bembe na die skeppingsdaad afgetree het.

- Hulle glo aan die bos-/woudgees genoem Dzengi.
- Hulle verkondig dat Dzengi hulle help om olifante suksesvol te jag.

Yoruba

- Hulle glo dat Olodumare die skepper-gees is.
- Hulle verkondig dat elke mens 'n lotsbestemming of voorbestemming het.
- Hulle verkondig ook dat die lewe siklies is (reïnkarnasie in menslike vorm).
- Die doel van reïnkarnasie is geestelike verbeterig.
- Hulle verkondig dat goeie geeste een word met Olodumare.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (10)

2.2
- Bahá'i is 'n relatief nuwe godsdiens.
- Dit word bestuur deur 'n unieke demokratiese struktuur, wat verskille of opinies toelaat. (4)

2.3 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP**

- Ten spyte van verskille ten opsigte van godsdiensinhoud, onthul Christenskap dieselfde patroon in die ontwikkeling van 'n geskrewe tradisie as Judaïsme.
- Christenskap aanvaar die Hebreeuse tradisie wat in die Tenach vervang is.
- Christenskap herinterpreteer dit vanuit hulle eie godsdienstige perspektief/oogpunt.
- Dit word die Ou Testament genoem.
- Hulle het toe hulle eie versameling tekste saamgestel en as goddelike openbaring aanvaar (Nuwe Testament).
- Die New Testament was eers 'n mondelinge tradisie vanaf die dissipels van Jesus Christus.
- Dit is later neergeskryf en versprei na die verskillende Christenkerke.
- Christenskap is geforseer om hulle eie grense teen ander standpunte te definieer.
- Die besluit oor 'n corpus van absoluut waar en goddelik geïnspireerde geskrifte is geneem.
- Die geïnspireerde boeke is as Christelike kanon aanvaar en daar word daarna as die Bybel verwys.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- In Theravada-Boeddhisme is die baie groot kanonieke tradisie vir eeue mondelings oorgedra.
- Dit is later neergeskryf.
- Boeddhistiese geskrifte word nie as goddelike voorskrifte beskou nie.
- Dit word nie noodwendig as goddelik geïnspireerd beskou nie.
- Theravada-Boeddhisme het 'n steeds groeiende liggaam uitlegte/verklarings.
- Hierdie verklarings is op die kanonieke tradisie gegrond.
- Mahayana-Boeddhisme tref ook onderskeid tussen primêre geskrifte (sutras) en sekondêre verklarings en filosofiese interpretasies/vertolkings (sastras). (14)

- Sastras word dikwels met individuele geleerdes en skole verbind.
- Mondelinge tradisie het voor heilige teks gekom en is buigbaar ten opsigte van betekenis.

2.4 JA

- Die heilige boeke is vas/gevestig, terwyl mondelinge tradisies meer veranderlik is en maklik gemanipuleer kan word.
- Geskrewe heilige boeke word maatstawwe om reg en verkeerd te bepaal/meet.
- In die godsdienste van die 'Boek' is heilige geskrifte sentraal tot hulle gelowe/oortuigings.
- Hulle word as gesaghebbend deur volgelinge van die onderskeie godsdienste beskou.
- Die heilige boeke is kanoniek van aard.
- Die Abrahamitiese godsdienste beskou inderdaad hulle heilige boeke as hulle grootste bron.
- Ander godsdienste, soos Hindoeïsme en Taoïsme, lê groter klem op praktyke eerder as op heilige boeke.

NEE

- Ander religieë soos Hindoeisme en Taoisme lê groter klem op praktyke as op heilige boeke
- Heilige boeke is minder belangrik in sulke gelowe, of het in sekere gelowe, soos die ATR, geen belangrikheid nie.
- Heilige boeke mag van hulle betekenis verloor indien hulle oor tyd vertaal en geinterpreteer word.
- Leringe word mondelings oorgedra
- Hierdie leringe is vloeibaar, en kan maklik aangepas word by die huidige kultuur.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.
Die kandidaat mag 'n kombinasie van JA en NEE antwoorde skryf (8)
[50]

VRAAG 3

3.1 **LET WEL: Indien die kandidaat die land waar die konflik plaasvind selfs in 3.2 of 3.3 noem, moet alle relevante antwoorde vir die hele vraag 3 aanvaar word. Slegs die EERSTE land wat genoem word moet gekrediteer word.**
VOORBEELD 1

- Sri Lanka
- Sedert 1983 woed daar al oorlog op die eilandstaat Sri Lanka.
- Meer as 60 000 mense het al deur die jare gesterf.
- Die konflik tussen twee groepe, die Singalees-sprekende Boeddhistiese gemeenskap en die Tamil-sprekende Hindoes.
- Boeddhiste en Hindoes het vir eeue in harmonie saamgeleef.
- Hulle het mekaar se geloof en praktyke beïnvloed.
- Hulle het party van dieselfde godhede aanbid en 'n paar algemene rituele gedeel.
- Die spanning tussen die twee groepe het begin toe Sri Lanka onafhanklikheid van die Britse regering gekry het.
- Hindoe-families het gevoel dat die regering die Boeddhistiese Singalese gemeenskap wat in die meerderheid was, bevoordeel.
- Die regering is beskuldig van diskriminasie teen die Hindoes in die minderheid. (18)

3.2

- Die hoofoorsaak van hierdie godsdienstige konflik was basies polities van aard.
- Hindoes beweer dat omdat hulle in die minderheid was, hulle nie dieselfde onderwys- en werksgeleenthede as die Singalese Boeddhistiese gemeenskap gehad het nie.
- Die konflik is verder vererger deur die regering wat in 1956 'n Wet goedgekeur het wat verklaar het dat Singalees die enigste amptelike taal in Sri Lanka sou wees.
- Die Wet het effektief die Tamil-sprekende Hindoes van die Sri Lankaanse samelewing uitgesluit.
- Hulle het geglo dat die hoofdoelwit van die regering was om Boeddhisme as 'n staatsgodsdiens te vestig.
- In wese het die regering die godsdiensverskille vir politieke gewin gebruik. (10)

3.3

- Daar is 'n mate van magsdeling in die regering.
- Die huidige situasie is kalm maar onbestendig.
- Anti-Moslem-opstande in Februarie 2018 het in die dorp Ampara ontstaan.
- Moslem-burgers, -moskees en ander eiendomme is deur massas Singalese Boeddhiste aangeval.
- Die Moslem-massas het toe Boeddhistiese tempels en Singalese burgers aangeval.
- Die opstande het onmiddellik na ander distrikte in Sri Lanka versprei.
- Die Sri Lankaanse regering het 'n noodtoestand afgekondig en soldate ontplooi om die polisie te help.

- Boeddhiste monnike en baie ander Singalese het saamgestaan om Moslems en hulle moskees in Sri Lanka te beskerm en te help.

Dit is duidelik dat godsdiensspanning steeds in die land aan die broei is. (12)

3.4
- Intergeloofsgodsdiensorganisasies moet die godsdienste wat in konflik is, met mekaar in gesprek laat tree.
- Hulle moet onderlinge respek vir alle godsdienste bevorder.
- Hulle moet godsdiensverdraagsaamheid tussen Hindoes, Moslems en Boeddhiste bevorder.
- Godsdiensorganisasies self moet onpartydig wees in hulle benadering tot hierdie konflik.
- Hulle moet bemiddelaars en agente vir vrede in hierdie konflik wees. (10)

3.1 **VOORBEELD 2**
- Ayodhya in Indië.
- 'n Pragtige moskee is meer as 500 jaar gelede in Ayodhya, in die Gujarat-provinsie in Indië gebou.
- Hindoes het nog altyd volgehou dat die terrein van die Moskee die geboorteplek van hulle hooggeagte god, Lord Rama, is.
- Hindoes hou vol dat hulle tempel deur Moslems afgebreek is om die Moskee te bou.
- Daar is vandag argeologiese bewyse dat dit waar kan wees.
- Daar is al vir baie jare spanning oor die terrein tussen Hindoes en Moslems.
- Die spanning het in 1992 ontplof toe duisende radikale Hindoes die antieke moskee vernietig het.
- Moslems het weerwraak geneem deur Hindoes aan te val en duisende mense is dood.
- Die Wêreld Hindoeraad het aangekondig dat 'n tempel te ere van Rama op die terrein gebou sou word.
- 'n Trein vol Hindoes wat die terrein besoek het, is in 2002 deur Moslems met brandbomme bestook.
- Die howe in Indië het enige aktiwiteit by die terrein verban totdat die geskil opgelos is. (18)

3.2
- Godsdiens is inderdaad tot 'n groot mate deel van die konflik.
- Vir baie Hindoes is Rama die belangrikste god en Ayodhya is die heiligste van alle stede in Indië.
- Toegewyde Hindoes beskou die vernietiging van die Babri-moskee as 'n 'bevryding' van die geboorteplek van Rama.
- Die Viswa Hindu Parishad-leiers het verklaar dat hulle wil hê die konstruksie van die tempel moet gouer begin.
- Hulle het ook verklaar dat geen geregtelike uitspraak/beslissing deur hulle aanvaar sal word nie indien dit hulle wense teengaan.
- Leiers van die Babri Mosque Action Committee en Muslim Personal Law Board het ook verklaar dat hulle nie bereid is vir enige kompromis oor 'n plan om die moskee te herbou nie.
- Hulle is bereid om diegene wat enigiets tot die nadeel van Islam doen, soos die vernietiging van 'n moskee, te beveg. (10)

3.3
- Die Eerste Minister Narendra Modi se Hindu National Baratiya Janata Party opgeskaal om 'n Hindoetempel in Ayodhya te bou.
- Mure in die distrikte wat die terrein omring, is vol plakkate geplak wat wys dat Lord Rama oorlog verklaar.
- Nog plakkate bevat slagspreuke wat in wese oorlogskrete is teen die onvermoë van die vorige regering om die tempel gebou te kry.
- Die situasie het 'n gevoel van paniek en vrees onder Ayodhya se Moslem-inwoners laat ontstaan.
- Die Hindu National Baratiya Janata Party lyk asof dit probeer om Hindoes in die Uttar Pradesh provinsie op godsdiensgrondslag in beweging te bring.
- Die Hooggeregshof het die grond aan die Hindoes toegeken en alternatiewe grond aan die Moslems gegee. (12)

3.4
- Beide Hindoe- en Moslem-leiers moet verbind wees tot 'n ewigdurende oplossing in Ayodhya.
- Hulle moet 'n nasionale monument vir vrede, liefde en intergodsdienstige harmonie op die terrein oprig in plaas van hulle plekke van aanbidding.
- Hulle moet mense van alle gelowe vir gebed en meditasie by daardie monument verwelkom.
- Intergeloofsgodsdiensorganisasies moet 'n neutrale bemiddelaar kies wat by elke vergadering sal voorsit.
- Terroriste aan albei kante moet aan wetstoepassingsagentskappe uitgelewer word.
- Hulle moet politieke inmenging by godsdienskonflik ontmoedig.
- Die regering moet nie toegelaat word om godsdiens vir politieke gewin uit te buit nie. (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Martin Luther het in die 15de eeu sekere veranderinge aan die gang gesit wat tot die splintering of Christenskap gelei het.
- Dit het tot dekades van godsdiensoorloë in Europa gelei.
- Verskillende Christengroepe het vir dominansie geveg.
- Die kerk was op daardie stadium polities en sosiaal baie invloedryk.
- Die meeste lande was nie demokraties nie, hulle is deur keisers, konings, koninginne of die adel regeer.
- Hierdie regeerders het die kerk gebruik om hulle mag te vestig.
- Godsdiensleiers het op hulle beurt regeerders beïnvloed om die interpretasie van hulle oortuiginge/geloof te bevorder.
- Alle strydende partye het gedink 'n samelewing sou vreedsaam wees as almal dieselfde geloof deel.
- Protestante hervormers was nie verdraagsaam teenoor godsdiensdiversiteit nie.
- Katolieke en Protestante het aan mekaar voorgeskryf.
- Mense het 'n soektog begin na 'n staat waar daar godsdiens-verdraagsaamheid sou wees.
- Intellektuele het tot die gevolgtrekking gekom dat godsdienste verdelend eerder as verenigend was.
- 'n Regering wat bloot op beredenering en begrip van die menslike aard gebaseer was, was dan 'n oplossing.
- Regering en moraliteit is dus van godsdiens geskei.
- Sekulêre humanisme is dus gevestig.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

4.1.2

- Die teken van die Verdrag van Wesfale in 1648 het die meeste van die godsdienskonflik in Europa tot bedaring gebring.
- Die Verdrag is belangrikvir Westerse politieke en godsdiens-geskiedenis want dit was die eerste keer dat die staat, onafhanklik van godsdiens, erken is.
- Sekulêre state het menseregte en godsdiensvryheid aan die kern van die samelewing.
- Daar is geen godsdiensoorloë in of tussen sekulêre state nie.
- Mense in sekulêre state is vry om enige godsdiens van hulle keuse te volg.
- Godsdiensleiers van verskillende geloofsgemeenskappe word deur die konstitusie gedwing om as gelyke vennote aan godsdienskwessies te werk.
- Godsdienste ontwikkel dus respek vir en verdraagsaamheid met mekaar.
- Verskillende godsdienste het begrip ontwikkel vir ander se geloof en praktyke.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word. (12)

4.1.3

- Sekularisme is 'n geloof dat die regering en moraliteit nie op godsdiens gegrond moet wees nie.
- Dit verwerp nie godsdiens nie, dit gee godsdiens nie die finale sê oor moraliteit of die regering nie.
- In plaas daarvan beskou Sekularisme die menslike intellek as die oplossing vir alle uitdagings.
- Sekularisme verkondig etiek gegrond op beredenering van die menslike aard, sonder om na God of gode te verwys.
- Sekularisme verkondig vryheid van spraak en godsdiensvryheid.
- Sekularisme begryp die heelal sonder om te steun op godsdienstige verduidelikings, soos Kreasionisme mites. (10)

4.2 **ATEÏSME**

- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo dat daar bewyse is om hulle ateïstiese standpunte te ondersteun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings afhang van bewyse om hulle bewerings te staaf.
- Ateïste draai dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik eerder as om op geloof te steun.

AGNOSTISISME

- Hierdie term is die eerste keer in 1869 deur 'n filosoof, TH Huxley, gebruik.
- Darwin se teorie van menslike evolusie het die idee van 'n Opperwese/Skepper uitgedaag.
- Agnostisiste glo dat dit nie moontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys of te weerlê nie.
- Agnostisisme kom van die Grieks 'a', wat 'sonder' beteken, en 'gnosis', wat 'kennis' beteken.
- Dit verwys na onsekerheid oor kennis van God.
- Agnostisiste is skepties oor godsdiensleringe.
- Hulle verwerp godsdienstige doktrine, veral godsdienste wat beweer dat hulle geestelike kennis het.

SEKULÊRE HUMANISME

- Hierdie beweging het aanvanklik mense aangemoedig om hulle intellek te gebruik om die Skrif te verstaan.
- Later het dit sekulêr, niegodsdienstig en ateïsties geword.
- Dit verkondig dat bonatuurlike wesens nie noodsaaklik is om reg van verkeerd te leer nie.
- Mense kan dit vir hulleself uitwerk deur hulle redeneringsvaardighede te gebruik.
- Dit verwerp godsdienstige geloof en die bestaan van die bonatuurlike.

MATERIALISME

- Hierdie sekulêre wêreldbeskouing glo dat materie die enigste werklikheid is.
- Dit ontken die bestaan van 'n geestelike of bonatuurlike ryk.
- Dit is dus onversoenbaar met godsdienstige wêreldbeskouings wat in geloof in 'n god of geestelike realiteit gegrond is.
- Volgens Karl Marx, beskryf die konsep van materialisme die mens se geskiedenis en ekonomiese aktiwiteit.
- Dialektiese materialisme beteken stowwe as die fundamentele oorsaak van alles.
- Historiese materialisme beteken ekonomie en verhoudinge tussen werkers en eienaars die fundamentele struktuur in die samelewing.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

(16)
[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1

- Die wetenskaplike antwoord op die vraag kom van Darwin se evolusieleer.
- Dit stel dat alle lewensvorme verbind is en teruggaan na 'n gemeenskaplike oorsprong.
- Verskillende tipes lewe het binne een enkele kontinuum voorgekom.
- Lewe evolueer in 'n proses wat lei vanaf eenvoudig na kompleks.
- Organismes verander geleidelik om by veranderende omgewings aan te pas.
- Dit wat die beste by 'n omgewing pas, word dominant.
- Dit word 'natuurlike seleksie' genoem.
- Die proses het baie miljoene jare gelede begin en gaan steeds voort.
- Menslike wesens het ook oor 'n lang proses na vore gekom, oor miljoene jare heen, totdat 'moderne' mense uiteindelik ongeveer 100 000 jaar gelede te voorskyn gekom het.
- Die evolusieleer beweer dat mense uit 'n gemeenskaplike primaatvoorouer met ape ontwikkel het.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

(16)

5.1.2 **CHRISTENSKAP**

- Christenskap verkondig dat God die Skepper van die heelal en alles daarbinne is, mense ingesluit.
- Adam is deur God uit die stof van die aarde geskep.
- God het Sy Gees in Adam ingeblaas en hy het begin lewe.
- Eva is uit Adam se rib geskep.
- Adam en Eva was die eerste mense.
- Alle mense is afstammelinge van Adam en Eva.
- Elke persoon is verder na die beeld van God geskep en is dus uniek en verdien menswaardigheid/respek.
- Mense verteenwoordig die klimaks van God se skepping en is as bewaarders aangestel.
- Christelike oortuigings oor die skepping word in die boek Genesis in die Bybel gevind.

TAOÏSME

- In Taoïsme is daar geen konsep van skepping nie, mense is slegs 'n patroon van die heelal.
- Daar is niks spesiaal aan die skepping van die mens nie.
- Mense is 'n byproduk van die wisselwerking van Jin en Jang.
- Jin en Jang verteenwoordig opponerende natuurlike magte.
- Dit sluit in lig en donker, aktief en passief en natuurlik manlik en vroulik.
- Taoïsme beweer dat as die een 10 000 dinge kan oplewer, dan kan dit enigiets oplewer, mense ingesluit.

HINDOEÏSME

- Volgens Hindoeïsme is die heelal op evolusie gebaseer.
- Hindoeïsme glo egter dat dit 'n meer gevorderde evolusieleer is as die wetenskaplike beskouing.
- Die wetenskaplike beskouing is gegrond op waarneembare feite. Hindoeïsme gee 'n meer omvattende beskouing want dit sluit die geestelike in.
- Wetenskaplikes beskou evolusie as 'n proses wat per ongeluk gebeur. Hindoes glo dat jy beheer het oor beide fisiese en geestelike evolusie.
- Volgens die wette van karma, lei 'n goeie lewe na geleidelike evolusie na 'n meer gevorderde vorm.
- Jy bereik uiteindelik bevryding van die fisiese (moksha) en word een met God.
- Hindoeïsme het nie 'n probleem met evolusie nie want Darwin se teorie is nie in konflik met Hindoe-denke en geloof nie.
- Inteendeel, Darwin se teorie dra by tot begrip van evolusie ten opsigte van moksha.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.

(24)

5.2

- Die Oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die skepping van die heelal.
- Hierdie wetenskaplike teorie beweer dat ons nie weet wat voor die Oerknal bestaan het nie.
- Na die Oerknal het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte vergroot.
- Die Oerknal het ongeveer 15 miljard jaar gelede plaasgevind.
- Klein temperatuurverskille in die eerste ontploffing het tot wisselende densiteite regdeur die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik in klusters regdeur die heelal gevorm. (10)

[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou